

Dinsdag 25 Oktober

Skrifgedeelte: Galasiërs 3:1-5 (AFR83/20)

Fokusgedeelte: Galasiërs 3:3

Die Gees en geloof is die begin

“Hoekom sal jy gras met ’n krieketbal probeer sny?” Hierdie vraag klink onnosel en dit is inderdaad onnosel. Nog erger: “Wie sal die gras probeer sny met ’n krieketbal, wanneer die gras al klaar gesny is?” Maar tog is dit wat die gelowiges in Galasië doen in terme van hulle redding.

Die Galasiërs was beïnvloed deur mense wat aangedring het dat jy besny moet word om deel te kry aan die redding van Jesus Christus. Nog verder was al die gebruike van die Ou Testament ook voorgehou as vereistes om jou redding vas en veilig te hou. Hierdie “ander” evangelie het vereis dat jy jou redding moet verdien. Jy moet eers werk voordat jy die geloof of die Heilige Gees kan kry.

Hierdie gedagte dat jy moet werk vir die Gees en die geloof is nie net beperk tot die Galasiërs van daardie tyd nie. Dit leef vandag nog in ons samelewing en selfs in ons eie gedagtes. Elke keer wanneer ons vrees dat ons nie genoeg gedoen het om gered te wees nie, of elke keer wanneer ons voel ons moet nog so baie dinge in ons lewe regruk voordat ons die Here kan aanroep, dan val ons in hierdie lokval.

Die geloof en die Gees is vir ons gegee. Ons het dit ontvang as ’n geskenk. ’n Mens werk nie vir ’n geskenk nie. Ons werk nie vir die geloof nie, maar die geloof laat ons werk.

Sing: Psalm 71-1:1, 9

Ds. Z van’t Zand (Zander) (Kameeldrift)